

Die kanonieke boeke

Die woord *kanoniek* kom van 'n Hebreeuse woord wat “riet” beteken. Die eweredige segmente van die papyrusriet is in die wêreld van die Ou Testament dikwels as 'n vaste maat gebruik. Vandaar die oordragtelike betekenis van “maatstaf” naas die letterlike betekenis van “riet”. Kanonieke boeke is dus boeke waaraan erkenning verleen word dat hulle aan die maatstaf voldoen. Watter maatstaf? Die maatstaf van Goddelike inspirasie (NGB, Art 3)!

God het sy kerk gelei om die boeke waarin Hy homself só openbaar te herken en te erken. Die boeke van die Ou Testament was reeds met die begin van ons jaartelling as 'n vaste bundel erken. Ook Jesus (Matt 1:22; 4:4-10; 5:18; Luk 16:17; Joh 10:35) en Paulus (2 Kor 3:14) erken die gesag van die Ou Testament. Die kanon van die Nuwe Testament word die eerste keer amptelik by twee Afrika-konsilies vasgestel (Hippo Regius [393 nC] en Kartago [397 nC]). Baie vroeër egter (in die sogenaamde *Canon Muratori* [200 nC] en in geskrifte van die kerkvaders) is daar reeds lyste van boeke van die Nuwe Testament wat deur die kerke as gesaghebbend erken word.

Ons Skrifgedeelte wys hoe Petrus (64-65 nC) die briewe van Paulus in een asem met “die res van die Skrif” noem (vers 16). Dit is nie onmoontlik dat die bundeling van Pauliniese geskrifte toe al begin het nie!

'n Mens kan so meegevoer word deur die interessante geskiedenis van die herkenning van die kanon dat jy skoon vergeet waarvoor hierdie boeke eintlik bedoel is. Twee keer (vers 9, 15) beklemtoon Petrus dit dat God met ons geduldig is. Die noukeurige, geïnspireerde teboekstelling, die wonderlike bewaring en uiteindelijke kerklike herkenning, erkenning en bundeling van God se selfopenbaring in die Bybel is niks anders nie as 'n bewys van God se ongelooflike liefde en geduld met jou. Hy WIL dat jy Hom ken en rus jou toe deur die kanon van die Ou Testament en Nuwe Testament om in die lig van sy skielike en onverwagse terugkoms “vlekkeloos”, “onberispelik” en “in vrede met Hom” te lewe (vers 14).

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)

~~~~~